

Geliefde Lourensrivierder

Nou ja, ons het alweer by ons laaste Nuuskrummel van die jaar gekom!

My gebed vir jou:

Gebed vir Kersfees (Deur Tarina Sadler)

Ek bid dat God jou dra, oor paaie van gevaar,

Sy lig laat skyn oor al jou kommer en vrae.

Ek bid dat hierdie Kersfees jy geen twyfel in jou hart sal dra,

maar dat glimlagte en goeie dae, hierdie Kersfees

genoeg blydschap sal bring om vir ewig rond te dra.

Ek bid dat God jou geliefdes, al is van hulle dalk ver,

Saam met jou gebede en toekoms hoop,

sal toevou in Sy liefde, en hulle almal goed bewaar.

Mag hierdie goeie tyd net meer liefde in jou hart wakker maak

om 'n ander se hand te vat, al het hulle harte liefde vergeet.

Maar bo dit alles hierdie Kersfees, mag jy God se liefde ervaar,

mag jy Sy teenwoordigheid in alles om jou gewaar.

Ek bid dat God jou optel en by Sy Vader voete laat rus

sodat wanneer hierdie feestyd se dae, al minder raak,

Hy jou in sy krag, die nuwe jaar, verder en hoër sal laat vaar.



NUUSKRUMMELS: 06 Desember 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Ons wens elke gemeentelid, vriend, vriendin van Lourensrivier Gemeente 'n geseënde Kerstyd, 'n vredevolle Christusfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe! Mag ons Verlosser, Jesus Christus jou seën en jou beskerm; tot jou redding verskyn, jou genadig wees, jou gebede verhoor en aan jou vrede gee!

(Num 6:24-26)

DANKIE

Edelweiss Hankey en Burger van Dyk van Pam Golding, ons waardeer dit opreg dat julle hierdie jaar getrou elke maand, ons Riviertjie gratis in kleur gedruk het en dan ook somer kom aflewer het daarby!!

We are Helderberg

We are the most exciting in our 117000sqm...
We are the best in our 1000sqm...
We are the best in our 1000sqm...
We are the best in our 1000sqm...

Let's get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 7664 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4547 / burger.vandyk@pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES

Hulp met herwinning

Zjahn Vorster
078 800 9113
kjb.zjahn@gmail.com
086 274 2486

**We collect Paper, Plastic and Cardboard for recycling
In Strand for FREE (contact us for other areas).
We also provide the service of destruction/shredding
of all paperwork free of charge.**

**Contact us to quote you on
waste/bin area management!
Contact us for more information,
our list of collectable
recyclables or to
arrange collection.**

Carols by Candlelight



Date: 12 December 2018

Venue: Great Lawn, Vergelegen Estate

Time: Gates open at 5pm

Tickets: 0 - 2 years Free, +2-15 years R50, +16/Adults R100

For more information contact Cheryl 082 731 5736 or Celéstine at 076 062 5855 or cheryl@helderberghospice.org.za

KNIEWERK

- ✦ Johannes en Annalie Moller sê baie dankie vir gebede, dit gaan beter met hul dogter, Magduld. Bid asseblief vir volkome herstel.
- ✦ Susan en Coenie Baard se kleinseun, Reuben Baard, 8 jaar oud is hierdie afgelope week gediagnoseer met AML (soos 'n akute leukemie). Hy is opgeneem in die Rooikruis Kinderhospitaal en het met chemo behandeling begin. Dit gebeur elke dag, vir 7 dae. Daarna bly hy vir twee weke in die hospitaal en dan moontlik 'n week tuis. Hierdie siklus herhaal altesame 3 maal om te begin, m.a.w. vir 3 maande. Dan kyk ons weer verder na opvolgbehandeling.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 9 DESEMBER SE BOODSKAP: LUK. 3:1-6 (2DE WEEK IN ADVENT – KERS VAN VREDE WORD AANGESTEEL – DS PETRIE)

Johannes se roeping word beskryf as dat die “woord van God” tot Johannes gekom het. Die uitdrukking wat gebruik word, “rhema”, wat vertaal word as “woord”, dui 'n woord of stelling aan wat om aksie vra, 'n woord wat mens in beweging wil bring. Die ander Griekse uitdrukking wat met “woord” vertaal word, “Logos”, word op baie verskillende wyses gebruik, ook vir Christus self (Joh. 1) of as aanduiding van die Woord, die Bybelteks van daardie tyd.

Deur sy prediking het Johannes die volk opgeroep om 'n verandering van hart te ondergaan. Hierdeur het hy as wegbereider vir die Messias opgetree. In Hom het die profesie van Jesaja (40: 3 – 5) in vervulling gegaan.

Te midde van al die hartseer en pyn van mense, staan hierdie belofte vandag nog net so duidelik: God sê dat Hy op pad is, Hy is hier, Hy is by ons as mense teenwoordig. Sy teenwoordigheid verander ons situasie van hopeloos na hoopvol, van moedeloosheid na troos, van gebrokenheid na herstel, van oordeel na vergifnis.

Dit is die goeie nuus, dit is die Evangelie! Dit is wie Jesus Christus is, Hy die Seun van God wat na die wêreld gekom het om by ons te kom wees.

Hy, ons God in Jesus Christus, word nie soos die Babiloniese gode gedra nie, nee Hy kom en Hy dra ons. “Soos 'n herder versorg Hy sy kudde, die lammers maak Hy bymekaar in Sy arms en dra hulle teen sy bors. Hy sorg vir die lammerooie.” (Jes. 40:11)

Dit is die belofte van Kersfees wat die Blye Boodskap, die Evangelie is. God, die Vader het vir Jesus Christus na ons toe gestuur.

Daarom moet elkeen van ons wat hierdie belofte boodskap hoor ook uitgaan en dit aan ander verkondig deur ons lewe en deur ons woorde: Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Jesus Christus het gekom – Hy is die goeie Herder. Laat Hom toe om ook vir jou te dra en aan jou vrede en rus en blydschap gee!

Casting Crowns sing Somewhere In Your Silent Night - **KLIEK OP HIERDIE SKAKEL:**

<https://www.youtube.com/watch?v=nT-5cP4Beol&feature=share>



OORGE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier

